



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 70

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 34 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.
2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A: Roman (35)

AFDELING B: Drama (35)

AFDELING C: Kortverhale (35) Beantwoord vrae oor albei kortverhale.

AFDELING D: Gedigte (35) Beantwoord vrae oor albei gedigte.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.
5. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

Gebruik die kontrolelys op bladsy 3 om jou te help.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.
10. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.

AFDELING A: ROMAN			PUNTE	BLADSY NR.
Beantwoord slegs EEN vraag				
VRAAG 1:	<i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35	5
OF				
VRAAG 2:	<i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35	8
OF				
VRAAG 3:	<i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35	11
OF				
VRAAG 4:	<i>Lien se lankstaanskoene</i>	Kontekstuele vraag	35	14
AFDELING B: DRAMA				
Beantwoord slegs EEN vraag				
VRAAG 5:	<i>Poppie – Die Drama</i>	Kontekstuele vraag	35	17
OF				
VRAAG 6:	<i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35	20
OF				
VRAAG 7:	<i>Fiela se kind</i>	Kontekstuele vraag	35	23
AFDELING C: KORTVERHALE				
Beantwoord albei kortverhale				
VRAAG 8	8.1 Oom Dries se sorg met Jantjie	Kontekstuele vraag	18	27
	EN			
	8.2 Roep van die vleikuiken	Kontekstuele vraag	17	29
AFDELING D: GEDIGTE				
Beantwoord albei gedigte				
VRAAG 9:	9.1 Die boodskapper	Kontekstuele vraag	18	31
	EN			
	9.2 Boekmerk	Kontekstuele vraag	17	33

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

AFDELING		VRAAGNOMMERS	VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (√)
A	Roman	1–4	1	
OF				
B	Drama	5–7	1	
OF				
C	Kortverhale	8	1 (2 kortverhale)	
OF				
D	Gedigte	9	1 (2 gedigte)	

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

“Ek soek 'n sterk jong seun om hier by die skuur met die hout te help. Slaapplek en kos en twee sjielings 'n week.”

“Bedoel mister nou dat ék vir mister moet kom werk?”

'n Week later het hulle begin uitsleep. Sy pa het vier osse by Diepwalle gaan byleen en hulle het die slee met sestien voor uitgesleep tot by die wa anderkant 5
Kwê-se Draai. Dit was nie speel nie! Die meeste van die tyd moes hulle rolhoute onder die slee insit om die vrag deur die klowe te kry, en vir meer as die helfte van die afstand moes hulle sleeppad uitkáp.

“As dit net wou reën,” het hulle elke dag gehoop; sware hout sleep makliker uit in natweer. Maar dit wou nie reën nie, net 'n boomtopreëntjie een nag, en die hele 10
tyd het Saul met die pad wat nog vir die wa voorgelê het, in sy kop geloop.

Oor die werk by MacDonald het hy niks vir sy pa gesê nie. As die groot moeg in 'n man sit, moet jy nie met ander dinge by hom kom peuter nie. Die groot moeg was in hulle almal, die kalender had hulle klaar.

- 1.1 “Ek soek 'n sterk seun om hier by die skuur met die hout te help.” (Reël 1)
- 1.1.1 Hoe oud het MacDonald gedink is Saul toe hy aan Saul die werksaanbod maak? (1)
- 1.1.2 Hoekom het Saul nie dadelik MacDonald se aanbod hier aanvaar nie? Gee DRIE feite. (3)
- 1.1.3 Hoekom is dit waar dat Saul MacDonald se aanbod in elk geval sou oorweeg het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.1.4 Hoe verskil Saul en Joram oor MacDonald se aanbod? Gee TWEE feite. (2)
- 1.2 Hoe sou jy tydens die voorval van die afkap van die kalender opgetree het indien jy in Saul se posisie was? (1)
- 1.3 “As die groot moeg in 'n man sit, moet jy nie met ander dinge by hom peuter nie.” (Reël 12 en 13)
- 1.3.1 Waarom is dit waar dat daar wel ander dinge was waarmee Saul met sy pa gepeuter het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.3.2 Waarom simpatiseer jy tog met Joram? (1)
- 1.3.3 Hoe het Joram tog tot Saul se besluit bygedra om MacDonald se aanbod te aanvaar? (1)

- 1.4 Saul se besluit om by MacDonald te gaan werk, was 'n keerpunt in sy lewe. Waarom stem jy saam dat Saul die regte besluit geneem het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.5 Hoe weet jy dat MacDonald nie 'n goeie rolmodel vir ander werkgewers was nie? Gee TWEE feite. (2)
- 1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die antwoord neer. (1)
- Kate MacDonald is 'n (ronde/plat karakter).
- Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

<p>Saul het stadig uit die water gekom. Hy het instinktief geweet dat dit nie maar net nog 'n gerug is soos die honderd ander nie. Crompton het ingedagte aan 'n grasspriet gesit en kou. "Waar?"</p> <p>"Twee myl oos hiervandaan, en Barkley en MacDonald se stampmeul is op pad. Nog 'n stampmeul is van Oudtshoorn af op pad hierheen, een wat glo al lank daar reg staan om te kom."</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>"Ek stel nie belang nie. Wat het jy nog gehoor?"</p> <p>"Nie veel nie." Hy het die koutjies gras uitgespoeg, op sy rug gedraai en met sy hande onder sy kop die lug in gestaar. "Die tyd van die vlieë het aangebreek, Saul Barnard," sê hy spottend.</p>	<p>5</p> <p>10</p>
---	--------------------

- 1.7 'Saul het stadig uit die water gekom.' (Reël 1)
- 1.7.1 Hoekom het Saul besluit om Knysna te verlaat? (1)
- 1.7.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.7.2) en die antwoord neer. (1)
- Met Saul se terugkeer na Knysna was hy (nog steeds skrikkerig vir MacDonald/nie meer skrikkerig vir MacDonald nie.)
- 1.7.3 Motiveer jou antwoord by 1.7.2 met TWEE feite. (2)
- 1.8 "Wat het jy nog gehoor?" (Reël 8)
- Hoekom was die nuus wat Barkley hom hier meedeel, nie goeie nuus nie? Gee TWEE feite. (2)

1.9 Saul het as 'n wyser persoon na Knysna teruggekeer.

1.9.1 Hoe het Saul aan MacDonald bewys dat hy nou besigheidswys was toe MacDonald hom 'n aanbod maak? (1)

1.9.2 Hoe het MacDonald probeer wraak neem toe Saul sy aanbod weier? (1)

1.9.3 Hoe het Kate vir Saul teen haar pa se wil gehelp? (1)

1.10 Daar was altyd 'n spesiale band tussen Saul en Oupoot.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.10.1–1.10.4) neer.

Maska het Saul as Oupoot se (1.10.1) ... beskou terwyl Oupoot Saul se dierbroer was. Oupoot was altyd naby Saul wanneer Saul 'n (1.10.2) ... beleef het. Oupoot wou eintlik vir Saul die (1.10.3) ... van die Bos wys tydens sy sirkelloop met Saul. Saul het besluit om Oupoot self te (1.10.4) ... om Oupoot groot vernedering te spaar. (4)

1.11 Sekere plekke/plekverwysings het 'n groot rol in Saul se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1–1.11.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.11.1	Hierdie plek was na aan Saul se hart	A	die dorp
1.11.2	Hierdie plek het aan Saul groot vernedering besorg	B	Groot Eiland
1.11.3	By hierdie plek het Saul groot hartseer ervaar	C	die Bos
1.11.4	Saul het hierdie plek vir die eerste keer gesien toe hy 14 jaar oud was	D	Diepwalle
		E	die see

(4 x 1) (4)
[35]

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –
Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

Die skool het gister gesluit vir die wintervakansie. En elke keer as ek aan my ma se plan vir die volgende drie weke dink, besef ek weer dat ek nie haar dogter kan wees nie. Nie rêrig nie. Iemand het 'n fout gemaak in die kraam-inrigting, ek is omgeruil met 'n ander baba, ek het aan die verkeerde bors begin suig. Mana sê alle kinders wonder soms of so iets nie dalk met hulle gebeur het nie. Ek wonder lankal nie meer nie. Ek is seker ek is die verlore dogter van 'n tandarts. 5

Die reën raas teen die ruit langs my bed. Ek het nog altyd van ons nat Kaapse winters gehou, gedog dis 'n heerlike verskoning om heeldag te lê en lees, maar van ek saam met my nuwe gesin in hierdie nuwe huis woon, laat die reën my vasgekeer voel. Te veel mense, te veel diere, te veel rumoerigheid om my. 'n Skrywer het stilte nodig! 10

- 2.1 “En elke keer as ek aan my ma se plan vir die volgende drie weke dink, ...”
(Reël 1 en 2)
- 2.1.1 Na watter plan van haar ma het Hanna hier verwys? (1)
- 2.1.2 Waarom het Hanna geglo dat haar ma se plan nie normaal was nie? Gee DRIE feite. (3)
- 2.1.3 Waarom sou jy met Mana saamstem oor die doel waarom sy hierdie plan het? (1)
- 2.2 Watter emosie openbaar Hanna in hierdie uittreksel? (1)
- 2.3 2.3.1 Waarom is dit waar dat Mana en Beyers se gesin 'n baie gekompliseerde gesin was? Gee TWEE feite. (2)
- 2.3.2 Hoe het Hanna se karakter ook verder tot die gekompliseerdheid van die gesin bygedra? (1)
- 2.3.3 Hoe weet ons dat hierdie gekompliseerdheid nie juis onhanteerbaar vir Mana sou wees nie? (1)
- 2.4 Hanna het haar vriendin, Sharon, ook saamgenooi.
- 2.4.1 Hoekom het Hanna gevrees dat Sharon nie haar vakansie op die berg sou geniet nie? Gee TWEE feite. (2)
- 2.4.2 Hoe het Sharon Hanna se vrese verkeerd bewys? Gee TWEE feite. (2)
- 2.4.3 Wat sou jy gedoen het as jy in Hanna se posisie was? (1)

2.4.4. Hoe word Sharon se ouers se ryk leefstyl geïllustreer toe Hanna-hulle op die berg vasgekeer was? (1)

2.5 Hanna het 'n alter ego in haar lewe gehad.

2.5.1 Watter karaktertrek van Hanna kan ons hieruit aflei? (1)

2.5.2 Hoe verskil sy egter van haar alter ego? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

Waarom nie 'n liefdesverhaal nie? Dis my eerste gedagte toe ek my oë oopmaak. Dis nog skemerdonker in die kamer. Die huis is stil. En dit reën steeds. Ek hoor daardie sagte suigeluid buite. Ná drie dae klink dit so bekend soos my gesin se stemme. 5

Dit klink nie of die twee koninginne vandag gaan wegkom nie.

Dis my tweede gedagte.

Op die ander bed lê Sharon se swart hare die hele kussing vol, wyd uit-gewaaier om haar kop.

Ek wens ek kon in haar kop klim en haar droom afloer. 10

Waarom nie 'n liefdesverhaal nie? Noudat ek wakkerder is, is die antwoord natuurlik duidelik.

2.6 “Waarom nie 'n liefdesverhaal nie?” (Reël 1)

2.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.6.1) en die antwoord neer.

Die vriendskap tussen (Yann en Sharon/Margot en Gavin) het meer as net platonies geraak. (1)

2.6.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

2.6.3 Waarom was dit verstaanbaar dat Hanna haarself diskwalifiseer om oor liefde te skryf? Gee TWEE feite. (2)

2.6.4 Stem jy saam met hierdie standpunt van Hanna? Motiveer jou antwoord. (1)

2.6.5 Op watter tipe verhaal het Hanna uiteindelik besluit? (1)

2.7 Waarom sal jy Yann en Amos nie kritiseer vir hul aanvanklike houding teenoor hul ma nie? (1)

2.8 Waarom is jy nie verbaas oor Hanna se aanvanklike houding teenoor haar pa nie? (1)

2.9 Hanna het baie interessante broers gehad.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) neer.

Hanna se een broer, (2.9.1) ... weet nie wie sy pa is nie. Yann was altyd humeurig, maar erken nogtans Hanna se skryftalent deur haar 'n (2.9.2) ... as 'n verjaarsdaggeskenk te gee. Amos is Margot en (2.9.3) ... se jongste seun. Yann en Amos het teenstellende gevoelens gehad toe (2.9.4) ... baie dramaties daar opdaag.

(4)

2.10 Sekere plekke/plekverwysings het 'n groot rol in Hanna se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (2.10.1–2.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.10.1	By hierdie plek was Hanna op haar gelukkigste	A	in die verwaarloosde huis
2.10.2	By hierdie plek het Hanna haar familie werklik leer ken	B	die skool
2.10.3	By hierdie plek het Hanna se broer en stiefbroer gereeld baklei	C	in die Martelkamer
2.10.4	By hierdie plek het Hanna en Sharon mekaar ontmoet	D	in haar fantasiewêreld
		E	in die veld

(4 x 1) (4)

[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

Jacob lê vir Janka neer in die bababedjie in sy kamer. Sy't wakker geword en skree kliphard. Attie kom met die bottel binne en gee dit vir haar. Sy bedaar dadelik. Hy kyk kwaad na Jacob: "Laat ons mekaar nou mooi verstaan, Broer. Jy het geen reg om jou huweliksprobleme op ou Van uit te haal nie. Sy probeer haar bes met Pikkewyntjie, sorg vir haar of dit haar eie maaksel is, magtag! Jy sal haar om verskoning vra. Hoe en wanneer is jou probleem." Jacob bly hom 'n antwoord skuldig.	5

Toe sy die middag saam met Elsabet oor die strand by Salamanderbaai stap, onthou sy Jacob se oë. En sy wens bo alles dat sy iets kan doen om dinge tussen hom en Elsabet reg te maak.	10

"Elsabet, jy moet mooi dink. Want die meeste van ons het drome wat aan die een of ander 'oorkant' lê. En ek wonder maar net, as ons werklik oor die water soontoe kan gaan, of dit ooit is soos wat ons dit sou wou hê."	

- 3.1 "Sy't wakker geword en skree kliphard." (Reël 1 en 2)
- 3.1.1 Wie is Pikkewyntjie se biologiese ma? (1)
- 3.1.2 Hoe het Pikkewyntjie by Jacob-hulle beland? Gee DRIE feite. (3)
- 3.1.3 Watter emosie kan ons by Jacob in hierdie uittreksel aflei? (1)
- 3.1.4 Waarom het Attie vir Ryna so heftig verdedig? (1)
- 3.2 "Jy het geen reg om jou huweliksprobleme op ou Van uit te haal nie." (Reël 4)
- 3.2.1 Hoekom het Ryna hierdie naam, soos in die uittreksel, verkies. (1)
- 3.2.2 Stem jy saam met Ryna dat sy haar naam verander het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.3 Waarom is dit waar dat Elsabet nie gelukkig in haar huwelik was nie? Gee TWEE feite. (2)
- 3.4 "... onthou sy Jacob se oë." (Reël 9)
- Wat het Ryna afgelei uit dit wat sy in Jacob se oë gesien het? (1)

- 3.5 3.5.1 “Jacob bly hom ’n antwoord skuldig.” (Reël 6 en 7)
- Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.5.1) en die antwoord neer.
- Bogenoemde woorde beteken Jacob het nie vir Attie (geantwoord/gehoor) nie. (1)
- 3.5.2 Waarom het Jacob hierdie houding ingeneem? (1)
- 3.5.3 Wat sou jy gedoen het as jy in Jacob se posisie was? (1)
- 3.6 “Dankie Elsabet, jy moet mooi dink.” (Reël 11)
- 3.6.1 Hoe het Elsabet en Ryna se drome op hierdie stadium van mekaar verskil? (1)
- 3.6.2 Hoekom sou jy sê Elsabet se droom het in ’n nagmerrie geëindig? Gee TWEE feite. (2)
- 3.6.3 Waarom simpatiseer jy tog met Elsabet in hierdie situasie? (1)
- Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS F

“Eendag sal die man wat jy liefhet, saam met jou hier woon. Maar daar is nog ’n groot tyd van eensaamheid. Jy moet vir hom wag, my kind. Daar is ’n swart rivier, dit kronkel deur julle lewens. Julle sal eers daardeur moet kom.”	
“Ant Ousanna het eenkeer gesê dat die stryd van die liefde die grootste stryd op aarde is?”	5
“Ja, dit is. Sal jy vir hom wag, my kind?”	
“Ek sal, ant Ousanna.”	
Dan sien sy dat Ousanna peinsend sit en uitstaar deur die nuwe venster oor die see. Sy vryf haar arms.	10
“Wat is dit, ant Ousanna?”	
Die kop draai stadig, verward, na haar toe. “Dis meteens so koud, my kind.”	

- 3.7 “Eendag sal die man wat jy liefhet, saam met jou hier woon.” (Reël 1)
- 3.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.7.1) en die antwoord neer.
- Ousanna is ’n (ronde/plat) karakter. (1)
- 3.7.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.7.2) en die antwoord neer.
- Hierdie woorde van Ousanna was (profeties/slegs ’n droom) in Ryna se lewe. (1)

- 3.7.3 Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.7.4 Waar was die “hier” (reël 1) waarvan Ousanna praat? (1)
- 3.7.5 Hoekom kan ons sê dat hierdie huis van Ousanna vir Ryna met nog verdere geheime opgesaal het? Gee TWEE feite. (2)

3.8 “Daar is ’n swart rivier.” (Reël 2 en 3)

Wat is die simboliese betekenis van bogenoemde woorde? (1)

3.9 Hoe het Skalla ook deel gevorm van Ryna se verlede? Gee TWEE feite. (2)

3.10 Daar was ’n spesiale verhouding tussen Ryna en Janka.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.10.1–3.10.4) neer.

Ryna het vir Janka vir die eerste keer in (3.10.1) ... se arms gesien toe hy met haar op Meeuland opdaag. Ryna beloof om Janka se ware identiteit (3.10.2) ... te hou ter wille van (3.10.3) ... en Jacob se huwelik. Janka het eintlik vir Ryna as haar tweede (3.10.4) ... beskou omdat Ryna soveel tyd met haar deurgebring het. (4)

3.11 Sekere plekke/plekverwysings het ’n groot rol in Ryna se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (3.11.1–3.11.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.11.1	By hierdie plek het Ryna gesond geraak	A	Meeuland
3.11.2	Hierdie plek het vir Sheila hartseer én geluk gebring	B	die skool
3.11.3	By hierdie plek het Janka wees geword	C	Salamanderbaai
3.11.4	By hierdie plek het Ryna weer by die gemeenskap betrokke geraak	D	Ousanna se huis
		E	die see

(4 x 1) (4)
[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

Haar ma leun oor die vensterbank in die kombuis en staar na hulle *view* toe Lien by die huis kom.

“Was Ma nie werk toe nie?” vra sy geïrriteerd.

Sy soek na iets om te eet, maar sy verwag nie wonderwerke in die yskas nie. Daar is nog ’n stukkie kaas oor en sy maak vir haar ’n toebroodjie. 5

Haar ma sê niks nie. Oor die CD-spelertjie in die hoek dreun ’n klavierkonsert. Haar ma draai om. Lien soek haar ma se oë.

Lien weet nie veel van Rusland af nie, maar as sy haar verbeelding gebruik, kan die musiek tog Russies klink. As sy moes raai, sou sy sê dis dalk eerder ’n bietjie Turks of so iets vreemds. Sy onthou die *corny* fliek wat haar ma en tannie Bets een aand gekyk het. Dit het in Rusland afgespeel. Dr Somebody of iets. Sy kan nie meer die naam onthou nie. 10

Sy hou haar ma dop terwyl sy kou.

4.1 “Was Ma nie werk toe nie?” (Reël 3)

4.1.1 Wat was die ander voorliefde van Lien se ma, behalwe drank, wat Lien geïrriteer het? (1)

4.1.2 Christien het nie Lien se vraag beantwoord nie.

Waarom was daar genoeg aanduidings dat Lien nie eintlik ’n antwoord nodig gehad het nie? Gee TWEE feite. (2)

4.2 “... maar sy verwag nie wonderwerke in die yskas nie.” (Reël 4)

4.2.1 Waarom word die woord “wonderwerke” gebruik terwyl haar ma dan wel vir ’n salaris werk? Gee TWEE feite. (2)

4.2.2 Lien moes later planne maak om haar ma se inkomste aan te vul. Verduidelik die DRIE maniere hoe Lien ekstra inkomste verdien het. (3)

4.2.3 Hoe het Braam en Lien ten opsigte van bogenoemde aspek verskil? (1)

4.2.4 Wat sou jy gedoen het as jy in Lien se posisie was? (1)

4.3 Hoe het dit later gebeur dat Lien die enigste broodwinner in die huis word? (1)

- 4.4 “Sy hou haar ma dop terwyl sy kou.” (Reël 13)
- 4.4.1 Hoekom sou jy nie vir Christien Jooste as ’n rolmodel vir ander ma’s beskou nie? Gee TWEE feite. (2)
- 4.4.2 Waarom sou jy tog met Lien se ma simpatiseer? (1)
- 4.4.3 Hoe het haar drankprobleem haar voorkoms geaffekteer? Gee TWEE feite. (2)
- 4.5 “Lien weet nie veel van Rusland af nie, maar as sy haar verbeelding gebruik ...” (Reël 8)
- 4.5.1 Watter loopbaankeuse het sy in die Lewensoriënteringsklas ingevul? (1)
- 4.5.2 Waarom is jy nie verbaas toe Lien besluit het om drama te gaan studeer nie? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

<p>Sy klim voor die sentrum af om in die kleedkamer te gaan aantrek. Dit gaan binnekort reën. ’n Donderslag daver bokant haar kop. Sy kan die naderende reën ruik.</p> <p>Sy dink aan die pienk muur en aan die duur tuinmeubels waar ander mense nou naweke <i>relax</i>. Sy onthou die seun in die wit BMW. Sou hy in haar kamer slaap, of dalk in Braam s’n? Hare was beter. Dit het noord gefront. Braam s’n was groter, maar vrek koud in die winter. Daar is gelukkig niemand in die kleedkamer nie. Sy bondel haar straatklere en die pruik bo-op haar opgerolde bedelbrief in die sak. Hoe meer gekreukeld, hoe beter; ...</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>Sy tel vinnig die dag se wins – R68. Dit was ’n goeie middag, al het sy nie lank gewerk nie. ’n <i>Killing</i> in die klein. Mense begin haar nou al herken en gee somer daarom, vermoed sy. Sy het ook nog geld van die vorige middag oor. Sy koop brood, ’n pakkie hoenderstukke, ’n sakkie tamaties, drie aartappels en tog maar ’n dosie eiers.</p>	<p>5</p> <p>10</p>
--	--------------------

- 4.6 “Sy dink aan die pienk muur en aan die duur tuinmeubels ...” (Reël 4)
- 4.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.6.1) en die antwoord neer.
- ’n Mens kan nie vir Lien blameer as sy hier met (teleurstelling/jaloesie) gevul is nie. (1)
- 4.6.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)
- 4.7 Waarvan is die BMW simbolies? (1)

4.8 “... hoe meer gekreukeld, hoe beter.” (Reël 9)

Waarom sou jy met Lien saamstem oor hierdie strategie van haar? Gee TWEE feite. (2)

4.9 “Sy tel vinnig die dag se wins” (Reël 10)

Sou jy dit ook as ’n wins beskou het? Motiveer jou antwoord. (1)

4.10 “Mense begin haar nou al herken ...” (Reël 11)

4.10.1 Hoe het hierdie woorde byna die grootste verleentheid vir Lien veroorsaak? (1)

4.10.2 Waarom is dit waar dat haar verleentheid groter kon gewees het? (1)

4.11 Lien en Tibbey het ’n spesiale verhouding gehad.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.11.1–4.11.4) neer.

Lien en Tibbey was albei (4.11.1) ..., want omstandighede het hulle daartoe gedwing. Lien wys dat sy vir Tibbey omgee toe sy vir hom ’n (4.11.2) ... laat maak het. Tibbey het Lien se lankstanery (4.11.3) ... gemaak terwyl sy vir hom op ’n latere stadium weer (4.11.4) ... vir die lewe gegee het. (4)

4.12 Sekere plekke/plekverwysings het ’n groot rol in LIEN se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (4.12.1–4.12.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.12.1	Hierdie plek het baie pyn in Lien se lewe verteenwoordig	A	die tronk
4.12.2	By hierdie plek het Lien ’n dubbele lewe gelei	B	die haarsalon
4.12.3	By hierdie plek het Lien in iemand anders se plek uitgehelp	C	die hospitaal
4.12.4	Hierdie plek het aan Lien ’n toekoms verseker	D	die robot
		E	die skool

(4 x 1) (4)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

MOSIE:	Poppie is met die trein na Herschel ... ***	
MAMA:	Die dinge was te veel vir haar.	
JAKKIE:	Poppie het 'n week gelê, en toe het sy opgestaan.	
POPPIE:	Ek moet gaan werk. Die kinders het kos en geld nodig.	
PLANK:	Sy het werk gekry by Mrs Swanepoel. Die vrou wat haar soontoe 5 geneem het, het twaalf jaar by Mrs Swanepoel gewerk en sy moes haar bene vir spatare laat sny. Sy't gesê: Kom saam en hou my werk vir die maand wat ek in die hospitaal is.	
MRS SWANEPOEL:	Ek sal vir jou dertig rand in die maand betaal, Rachel. ***	
JAKKIE:	Mrs Swanepoel was 'n besige vrou en moes baie uitgaan. Mrs Swanepoel het van Poppie se manier van werk gehou. ***	10
MRS SWANEPOEL:	... Jy't seker by witmense grootgeword ...	

- 5.1 “Poppie is met die trein na Herschel ...” (Reël 1)
- 5.1.1 Wie het in Herschel gebly? (1)
- 5.1.2 Waarom moes Poppie hier dringend Ciskei toe gaan? Gee DRIE feite. (3)
- 5.1.3 Waarom was dit waar dat Poppie, volgens die uittreksel, 'n goeie rolmodel vir ander ma's was? Gee TWEE feite. (2)
- 5.2 Watter emosie openbaar Mosie teenoor Poppie in hierdie uittreksel? (1)
- 5.3 “Die dinge was te veel vir haar.” (Reël 2)
- Beskryf die dinge waarna Mama hier verwys. Gee TWEE feite. (2)
- 5.4 “Ek sal jou dertig rand in die maand betaal.” (Reël 9)
- 5.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.4.1) en die antwoord neer.
- Poppie het die aanbod van Mrs Swanepoel (aanvaar/van die hand gewys) (1)
- 5.4.2 Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.4.3 Wat sou jy aan Mrs Swanepoel gesê het as jy in Poppie se posisie was? (1)

5.4.4 Waarom wou Mrs Swanepoel nie vir Poppie verloor nie? (1)

5.4.5 Stem jy saam dat Poppie tog ook in 'n groot mate afhanklik was van Mrs Swanepoel? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5 “Jy’t seker by witmense grootgeword.” (Reël 12)

Hoekom maak Mrs Swanepoel hierdie stelling? Gee TWEE feite. (2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

MR GREEN:	Wilson ...	
MOSIE:	Ja, baas?	
MR GREEN:	... wat is dit dan met die kinders, of die comrades, wat soek hulle nog?	
MOSIE:	Die youngsters hulle praat mos nie met ons nie. Hulle sê ons grootmense is dié wat die draad gegee het, ons het die witmense die kans gegee, soos hulle sê, ons is die ja-baas, die yes-man, so hulle trust ons nie. Hulle sê die witmense kap ons.	5
MR GREEN:	Kap ek jou, Wili?	
MOSIE:	Die tyd is nie meer dieselfde nie, boss ...	10

POLISIEMAN:	Ons wil jou kinders se adres in Herschel weet.	
POPPIE:	(<i>baie ontsteld</i>). Vir wat wil julle die adresse weet?	
POLISIEMAN:	Jou ma en jou suster sit in die tronk en jy maak asof jy nie weet vir wat ons die adresse wil hê nie.	
POPPIE:	Wat het dit met my kinders te doen? Wat het hulle gemaak?	15

MRS SWANEPOEL:	Rachel het niks verkeerd gedoen nie.	
POLISIEMAN:	Dis nie Rachel nie, mevrou ...	

5.6 “Die youngsters hulle praat mos nie met ons nie.” (Reël 5)

Waarom sou jy met die jongmense simpatiseer? Gee TWEE feite. (2)

5.7 “Hulle sê die witmense kap ons.” (Reël 8)

5.7.1 Wat bedoel Mosie met hierdie woorde? (1)

5.7.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.7.2) en die antwoord neer.

Mosie is 'n (ronde/plat) karakter. (1)

5.8 “Kap ek jou, Wili?” (Reël 9)

Waarom antwoord Mosie nie eintlik vir Mr Green nie? (1)

- 5.9 Na watter tyd verwys Mosie hier in die uittreksel in sy gesprek met Mr Green? (Reël 10) (1)
- 5.10 Waarom wou die polisie Poppie se kinders se adres in Herschel weet? (1)
- 5.11 Wat was die aanklagte teen Jakkie? Gee TWEE feite. (2)
- 5.12 “Poppie: (baie ontsteld)” (Reël 12)
- 5.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.12.1) en die antwoord neer.
Die gedeelte tussen hakies word (hoofteks/neweteks) genoem. (1)
- 5.12.2 Waarom dink jy het Poppie rede gehad om ontsteld te wees? (1)
- 5.13 Die kinders se respek teenoor grootmense is hier in die kollig.
Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.13.1–5.13.4) neer.
Plank het oom (5.13.1) ... gespot toe hy dronk was, maar ouma (5.13.2) ... het hom gestraf. Die kinders het vir Plank gelag wat in die (5.13.3) ... vir die polisie weggekrui het. (5.13.4) ... en die grootmense is ook later deur die kinders aangerand. (4)
- 5.14 Sekere plekke/plekverwysings het ’n groot rol in Poppie se lewe gespeel.
Kies die plek in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoorde (A–E) langs die vraagnommers (5.14.1–5.14.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.14.1	By hierdie plek het Poppie grootgeword	A	Lambertsbaai
5.14.2	By hierdie plek het Poppie haar eerste gedwonge verskuiwing ervaar	B	Herschel
5.14.3	By hierdie plek het Poppie ’n huis en ’n skool vir haar kinders gekry	C	Mdantsane
5.14.4	By hierdie plek het Stone vir hulle ’n tweeslaapkamerhuis gebou	D	Jakkalsvlei
		E	Upington

(4 x 1) (4)
[35]

VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

1. Hendrik en Katrien se slaapkamer. Die eerste oggendlig val deur die venster. Katrien klim uit haar enkelbed en maak klein Willem toe wat in dieselfde bed lê. Sy sit 'n oomblik vir die vertrek en kyk – ook vir die slapende Hendrik op die enkelbed oorkant haar. Die lig val effens oor sy gesig.
2. In die kombuis het Katrien die koolstoof klaar gepak en sy steek die vuur aan met 'n stukkie papier wat sy in die kersvlam maak brand. Sy maak die agterdeur oop en kyk uit. Dis net-net lig. Ver en naby, heelyd, kraai daar hoenderhane. 5
3. Katrien, klaar aangetrek, sit 'n skinkbord met vier koffiebekers op 'n tafeltjie langs Hendrik se bed neer. Sy maak hom wakker en sit sy koffie langs hom neer. Hendrik sit regop. Sy sit die ander beker langs klein Willem se bed neer. Sy vat die orige twee bekere en gaan na 'n ander kamer oorkant die gang. 'n Hees hoenderhaan kraai kort-kort buite. 10

- 6.1 6.1.1 Watter aanduiding is daar in die uittreksel dat Katrien nie elektrisiteit gebruik het nie? (1)
- 6.1.2 Hoe het Katrien volgens die uittreksel bewys dat sy 'n goeie ma was? Gee TWEE feite. (2)
- 6.1.3 Watter aanduiding is daar alreeds in die uittreksel dat daar huweliksprobleme tussen Hendrik en Katrien was? (1)
- 6.2 “... – ook vir die slapende Hendrik ...” (Reël 4)
 - 6.2.1 Met watter emosies dink jy het Katrien later in die drama na Hendrik gekyk? Gee TWEE emosies. (2)
 - 6.2.2 Hoe het die Hendrik wat sy nou voor haar sien, verskil van die karakter wat ons later leer ken? (1)
 - 6.2.3 Waarom sou jy wel met Hendrik McDonald simpatiseer? (1)
- 6.3 “Ver en naby, heelyd, kraai daar hoenderhane.” (Reël 7)
 - 6.3.1 Waarom sal jy saamstem dat die geluide wat hulle die volgende oggend gehoor het, heeltemal vreemd vir hulle was? (1)
 - 6.3.2 Hoekom sou jy saamstem dat hierdie vreemde geluide die motoriese moment in hierdie drama was? Gee DRIE feite. (3)
- 6.4 Waarom was Hendrik nie opgewonde oor die aankoms van die sirkustrein nie? Gee TWEE feite. (2)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.5) en die antwoord neer.

Die verbygaande treine het altyd Katrien se aandag getrek, want dit het vir haar (vryheid/rykdom) gesimboliseer. (1)

6.6 6.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.6.1) en die antwoord neer.

Katrien het ook opgewonde geraak as sy vir (Frans/Hendrik) sien aankom het. (1)

6.6.2 Motiveer jou antwoord. Gee TWEE feite. (2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

114.	Die nar kom deur die veld aangestap. Hy dra Willem se fiets oor sy skouer, en in sy los hand die fietsketting. Die ketting het gebreek. Hy het nog dieselfde mondering aan as die oggend in die kerk, maar sy grimering is al erg verniel. Die nar gaan staan skielik. Want iewers was die klapgeluid van 'n geweerskoot.	5

115.	<p>SAKKIE: Wat is dit?</p> <p>OUDERLING BOTHMA: Ek dag ek sien iets beweeg.</p> <p>SAKKIE: Jy moenie sommer skiet nie, man. Nou't jy die hele wêreld wakker gemaak.</p>	
116.	Nollie en Emma hang by die sitkamervenster uit.	10
117.	<p>NOLLIE: Hier's moeilikheid. (<i>Hy klouter deur die venster buite toe.</i>)</p> <p>EMMA: Nollie, wag!</p> <p>NOLLIE: Jou pa is daar ...</p>	

6.7 “Hy dra Willem se fiets oor sy skouer ... Die ketting het gebreek.”(Reël 2)

6.7.1 Wat kan ons aflei oor die verhouding tussen Willem en Manuel na aanleiding van bogenoemde woorde? (1)

6.7.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

6.8 “Hy het nog dieselfde mondering aan ...” (Reël 3)

6.8.1 Na watter mondering word hier verwys? (1)

6.8.2 Kan jy die dorpsmense blameer vir hulle optrede teenoor die nar in die kerk? Motiveer jou antwoord. (1)

6.9 “Jou pa is daar ...” (Reël 13)

6.9.1 Wat sê Nollie se woorde oor sy houding teenoor Hendrik? (1)

6.9.2 Waarom sou jy dieselfde as Nollie opgetree het? (1)

6.10 “Nou’t jy die hele wêreld wakker gemaak.” (Reël 8 en 9)

Waarom dink jy wou Sakkie nie “die hele wêreld” wakker maak nie? (1)

6.11 Lees reël 11.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnummer (6.11) en die antwoord neer.

Die gedeelte tussen hakies is die (hoofteks/neweteks). (1)

6.12 Manuel se koms het Willem se lewe heeltemal verander.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.12.1–6.12.4) neer.

Tydens Willem se eerste ontmoeting met Manuel het hy eers die (6.12.1) ... gesien. Willem wou eers nie sy (6.12.2) ... aan Manuel gee toe hy daarvoor vra nie. Willem glimlag vir die eerste keer toe Manuel die geluide van ’n (6.12.3) ... maak. Willem praat die eerste keer toe hy (6.12.4) ... se naam noem. (4)

6.13 Die McDonald-gesin kan nie sinvol met mekaar kommunikeer nie.

Kies die persoon in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (6.13.1–6.13.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.13.1	Hierdie persoon se stilte wys hoe ernstig die kommunikasieprobleem was	A	Oudokter
6.13.2	Die kommunikasieprobleem het hierdie persoon se toekomstige besluite oor verhoudings beïnvloed	B	Manuel
6.13.3	Hierdie persoon het Hendrik vir Willem se probleem blameer	C	Willem
6.13.4	Hierdie persoon het daartoe bygedra dat die McDonalds weer gelukkig was	D	Nollie
		E	Emma

(4 x 1) (4)

[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS:	’n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom. Ek glo aan ’n goeie plan en ’n bietjie geluk, al is geluk ’n skaars ding in hierdie bos. (<i>Roep.</i>) Bartha! Bring vir my ’n bietjie koffie, ek is gedaan. Die mis is wragtig dik. Ja ... Ek sal êrens ’n paar ou sinkplate in die hande moet kry. Die kinders ly aan die snuif en hoes van die nattigheid in die huis.	5
<i>Wanneer hy Barta met die koffie hoor kom, gryp hy vinnig die handbyl en kyk aandagtig na die steel.</i>		

MALIE, TANT GERTJIE <i>en</i> SOFIE <i>op.</i>		
TANT MALIE:	Dit het my oorle antie agter in Karatara se bos oorgekom. Sy het gedink die kind is saam met die ander om te gaan vuurhout kap en so kom sy dit eers die middag agter dat hy wég is. Meer as ’n week later het hulle die verklumde liggaampie gekry. Ons is nog die dag begrafnis toe.	10
BARTA <i>druk ’n vuus in haar mond en byt op haar kneukels.</i>		
ELIAS:	Ek sê vir julle, die kind is nie weg nie. Loop kyk weer in julle huise, almal van julle, kyk onder elke katel en oralster.	15
TANT MALIE:	Ons het gekyk, Elias.	
ELIAS:	Loop kyk weer.	

7.1 “’n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom.” (Reël 1)

Elias wil hier die indruk skep dat hy die hardste van almal werk.
Wat is egter die waarheid oor sy ware karakter wat werk betref? (1)

7.2 “Ek glo aan ’n goeie plan en ’n bietjie geluk,” (Reël 1 en 2)

Watter geluk tref Elias sodat hy nog minder kon werk? (1)

7.3 7.3.1 Bewys uit die uittreksel dat Barta maklik verneuk kon word. (1)

7.3.2 Hoe het Lange later in die drama bewys dat Barta maklik beïnvloedbaar is? (1)

7.4 “MALIE, TANT GERTJIE *en* SOFIE *op.*” (Reël 8)

7.4.1 Waarna verwys die woord “op” in reël 8? (1)

7.4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.4.2) en die antwoord neer.

Malie, Gertjie en Sofie is (ronde/plat) karakters. (1)

- 7.5 “Meer as ’n week later het hulle die verkleimde liggaampie gekry.”
(Reël 11 en 12).
- 7.5.1 Hoe verskil bogenoemde stelling van wat met Elias en Barta se verlore kind gebeur het? (1)
- 7.5.2 Watter emosie openbaar Barta in hierdie uittreksel? (1)
- 7.6 Waarom stem jy saam dat die magistraat in die hof reg opgetree het in sy beslissing oor wat met Benjamin moes gebeur? (1)
- 7.7 Hoe word Elias se desperaatheid om Lukas te vind in hierdie uittreksel beklemtoon? Gee DRIE feite. (3)
- 7.8 Hoe was Nina ook ’n slagoffer van Elias se mishandeling? Gee TWEE feite. (2)
- 7.9 Elias het vir Benjamin geforseer om te aanvaar dat hy ’n Van Rooyen is.
Noem EEN vraag wat hy Benjamin geforseer het om “reg” te beantwoord. (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS:	Hoe ver is ons van die pad wat Lange Kloof toe gaan?	
NINA:	Ver. Kom!	
	<i>NINA gly en val. Hemp vol modder.</i>	
LUKAS:	Kyk hoe lyk my slaaphemp nou! Hoe dink jy moet my ma weer die hemp skoon kry?	5
NINA:	Ma sal hom maklik skoon kry.	
LUKAS:	Ek praat van my ma.	
NINA:	<i>(ongeduldig)</i> : Jy’s Lukas wat weggeraak het, man! My ma is jou ma en jou pa is my pa.	
LUKAS:	Ek is Fiela Komoetie se kind.	10
NINA:	Hulle sê dan sy’s bruin. Waar kan ’n bruin mens ’n wit kind hê? Jy’s onse Lukas wat weggeraak het.	
LUKAS:	Ek sê jou dis ’n lieg.	
NINA:	Pa sê Ma het jou dadelik uitgeken.	
LUKAS:	Jou pa kan sê wat hy wil, ek sê vir jou ek is nie julle kind nie.	15
NINA:	<i>(snipperig)</i> : Nou wie se kind is jy dan miskien?	

FIELA:	Ag, Here, baas, ek het op jou gesig gesien jy is ’n wit man wat van dinge sal weet. Dis van einste hom wat ek praat. Van Benjamim Komoetie, die hanskind wat ek soos my eie grootbring het. <i>(Op band.)</i> Seil Fiela, seil. <i>(Gewone spraak.)</i> As baas my net kan help om by die magistraat uit te kom, 20 sal ek daarvandaan self regkom.	

- 7.10 “Hoe ver is ons van die pad wat Lange Kloof toe gaan?” (Reël 1)
- 7.10.1 Waarom simpatiseer jy met Benjamin in hierdie drama. Gee TWEE feite. (2)
- 7.10.2 Waarom was Nina die ideale karakter aan wie hy hierdie vraag kon stel? Gee TWEE feite. (2)
- 7.10.3 Dink jy dit was wys van Nina om vir Lukas die pad Lange Kloof toe te wys? Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.10.4 Wat sou jy gedoen het as jy in Nina se posisie was? (1)
- 7.11 “My ma is jou ma en jou pa is my pa.” (Reël 8 en 9)
- 7.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.11.1) en die antwoord neer.
- Hierdie woorde het later groot (blydskap/bekommernis) by Lukas veroorsaak. (1)
- 7.11.2 Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.11.3 Hoe is Lukas se liefdesprobleem later opgelos? (1)
- 7.12 Hoe bewys Lukas uit die uittreksel dat velkleur geensins 'n rol in sy lewe gespeel het nie? (1)
- 7.13 Wat wou Fiela in hierdie uittreksel by die magistraat gaan doen? (1)
- 7.14 Noem EEN aanspreekvorm (uit die uittreksel) wat op Fiela se desperaatheid dui om self met die magistraat te praat. (1)
- 7.15 Die onregverdighede in Benjamin se lewe het hom na sy liefdesmaat gelei.
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.15.1–7.15.4) neer.
- Die aankoms van die (7.15.1) ... in Lange Kloof het Benjamin se lewe drasties verander. Die magistraat het later bepaal dat Benjamin voortaan as (7.15.2) ... sou bekendstaan. Benjamin se vriendskap met (7.15.3) ... het hom meer desperaat gemaak om sy ware identiteit uit te vind. Benjamin het uiteindelik met 'n blink toekoms na (7.15.4) ... teruggekeer. (4)

7.16 Sekere plekke/plekverwysings het 'n groot rol in Benjamin se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (7.16.1–7.16.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.16.1	By hierdie plek het Benjamin soos 'n slaaf gevoel	A	Die hof
7.16.2	By hierdie plek het Benjamin se groot verwarring oor sy identiteit begin	B	Lange Kloof
7.16.3	By hierdie plek het Benjamin baie selfversekerd gevoel	C	Die bos
7.16.4	By hierdie plek het Benjamin sy ware gevoelens gaan uitpraat	D	Die see
		E	Mrs Weatherbury se huis

(4 x 1) (4)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE**SPIEËLBEELDE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 8**8.1 OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE – Felicia Goosen**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS O

<p>“Vannag word ons lammers weer verskeur,” sê oom Thysie en sit sy geweer moedeloos terug in die gewearsak. Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop. Almal pak op om maar huis toe te gaan, net Groot Dawid staan nog rond.</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>Dis eers toe hulle by die dooie bobbejaan kom, dat hulle die grys bondeltjie onder haar pens gewaar.</p> <p>“Arme drommel,” kopskud oom Dries...</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>“Wat besiel my om in hierdie bobbejaannes nog een aan die lewe te hou?” vra hy homself af.</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>“Driesman, wil jy nou wragtig die ondier huis toe sleep?” protesteer oom Thysie. “Hoe het ek dit met jou? Sukkel ons nie genoeg om die vuilgoed uitgeroei te kry nie?”</p> <p>Oom Thysie haal sy hoed af en met ’n maer hand vee hy die sweet van sy bleskop af.</p> <p>Oom Dries antwoord nie. Na al die jare op Driefontein weet hy self nie so mooi nie.</p> <p style="text-align: center;">***</p> <p>“Die ding begin vreet aan my senuwees.”</p>	<p>5</p> <p>10</p> <p>15</p>
---	------------------------------

- 8.1.1 Haal ’n woord uit die uittreksel aan wat daarop dui dat daar baie bobbejane op die plaas was. (1)
- 8.1.2 “... net Groot Dawid staan nog rond.” (Reël 3)
- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.2 (a)) en die antwoord neer.
- Dawid het (beplan/nie beplan nie) om die bobbejaanwyfie te skiet. (1)
- (b) Motiveer jou antwoord. (1)
- (c) Hoe verskil oom Thys se gevoel oor die bobbejaanjie van dié van oom Dries? (1)

- 8.1.3 Wat besiel my om in hierdie bobbejaannes nog een aan die lewe te hou?”
(Reël 7)
- (a) Wat omtrent dié bobbejaantjie het oom Dries anders as oom Thys laat voel? Gee TWEE feite. (2)
 - (b) Hoe het hy by sy huis gewys hoe hy oor Jantjie gevoel het? Gee TWEE feite. (2)
 - (c) Waarom is dit waar dat oom Dries hier 'n verkeerde besluit geneem het deur Jantjie aan die lewe te hou? Gee DRIE feite. (3)
- 8.1.4 “Die ding begin vreet aan my senuwees.” (Reël 16)
- (a) Wat was die “ding” wat aan oom Dries begin vreet het? (1)
 - (b) Dink jy dit was reg van oom Thys om Jantjie dood te skiet? Motiveer jou antwoord. (1)
 - (c) Hoe is hulle uiteindelik van hierdie spookbeelde bevry? (1)
- 8.1.5 Die spesiale band tussen oom Dries en Jantjie het sommer met hul ontmoeting begin.
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.1.5 (a)–8.1.5 (d)) neer.
- Jantjie se (a) ... in plaas van die rooikat, is geskiet. Oom Dries het vir Jantjie in die sak van sy (b) ... gedruk. Jantjie het uit (c) ... aan oom Dries geklou. Oom Dries het Jantjie soos sy eie (d) ... grootgemaak. (4)

EN

8.2 ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN – Margaret Bakkes

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS P

Die oerstilte om hom beklemtoon die naggeluide: buffels wat onder by die watergat steun; 'n hiëna wat veraf klaend blaf; 'n leeu wat sommer hier naby onderlangs grom. Hy weet: vannag sal hy nie slaap nie. Hy sal hier in die lapa by die kole bly sit. Daar is tye in 'n man se lewe wat dit sonde is om te slaap; tye wat jy nie wil slaap nie. En dis anders as die tye wat jy nie kan slaap nie, al wil jy. Soos daardie eerste maande na die ongeluk. En die maande na hy uit die Caprivi teruggekom het.	5

Sy pa was reg.	
**	
Sy kadetjaar as natuurbewaarder was slegs 'n afskynsel van wat later sou volg. En tog was dit vir hom 'n wonderlike jaar. Hy het afgesonderd in 'n reënwood in die Laeveld gebly. Soggens het hy wakker geword met die geluid van die boskraai wat soos die gehuil van 'n klein babatjie wat in die bos gelaat is, in sy ore geklink het. Teen skemeraand het hy die gevlekte vleikuiken hoor roep, maar hom selde gesien, omdat dit 'n voël was wat hom byna nooit laat sien het nie.	10

En toe kom die slapelose nagte – 'n hele jaar lank. Daar was die verskriklike verlange na die ongerepte wêreld waarin hy so volkome tuis gevoel het. En daar was die baie vrae:	15

8.2.1 “Die oerstilte om hom beklemtoon die naggeluide.” (Reël 1)

Hoe was dit moontlik dat die hoofkarakter die verskillende diere se geluide kon uitken? Gee TWEE feite. (2)

8.2.2 “Daar is tye in 'n man se lewe wat dit sonde is om te slaap; tye wat jy nie wil slaap nie.” (Reël 4)

Waarom het die hoofkarakter dit as sonde beskou om op hierdie spesifieke aand te slaap? (1)

8.2.3 “Sy pa was reg.” (Reël 8)

(a) Waaroor was sy pa reg? Gee TWEE feite. (2)

(b) Wat kan jongmense uit bogenoemde woorde van die hoofkarakter leer? (1)

8.2.4 “En toe kom die slapelose nagte ...” (Reël 15)

(a) Waarom simpatiseer jy met die hoofkarakter toe hy nie kon slaap nie? Gee TWEE redes. (2)

(b) Hoe sou jy soveel terugslae in jou lewe hanteer het? (1)

8.2.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.5) en die antwoord neer.

Die staptoerveldwagter is 'n voorbeeld van 'n (ronde/plat) karakter. (1)

8.2.6 Dink jy dit is verstaanbaar dat die hoofkarakter ook teenoor sy ma gefrustreed geraak het? Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.7 Beskryf die tema van hierdie kortverhaal. (1)

8.2.8 Hoe het Jaap se voorstel die hoofkarakter uit sy krisis gehelp? (1)

8.2.9 Sekere plekke/plekverwysings het 'n groot rol in die hoofkarakter se lewe gespeel.

Kies die plek in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (8.2.9(a)–8.2.9(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	By hierdie plek wou die hoofkarakter nie 'n jaar langer wees nie	A	die hospitaal
(b)	Die hoofkarakter wou hierdie plek nie weer sien nie	B	Caprivi
(c)	By hierdie plek het die hoofkarakter die eerste keer met die natuur kennis gemaak	C	die skool
(d)	By hierdie plek het die hoofkarakter homself weer gevind	D	die natuur
		E	die kerk

(4 x 1) (4)

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE**VERSKUNS**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

VRAAG 9**9.1 DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

DIE BOODSKAPPER – PETER SNYDERS

1. Die aandster vonkel soe speels vanaand
2. was daa 'n knipoeg
3. van jou
4. na my?

5. Djy is soe naby
6. soes die helderste ster
7. djy's die spoed van 'n gedagte
8. weg van my

9. Ek los 'n boodskap by Venus vir jou –
10. as djy yt jou aandklas
11. kom, stiek uit jou hand
12. haal dit af:

13. dis die briefie
14. met die soentjie
15. op die omslag

- 9.1.1 (a) In watter Afrikaanse dialek is hierdie gedig geskryf? (1)
- (b) Motiveer jou antwoord deur 'n woord uit strofe 1 aan te haal. (1)
- 9.1.2 Wie is die boodskapper waarna verwys word? (1)
- 9.1.3 Haal 'n voorbeeld van elk van die volgende beeldspraak of stylfiguur aan uit die gedig:
- (a) Inkeping (1)
- (b) Vergelyking (1)
- (c) Alliterasie (1)
- 9.1.4 Waarom stem jy saam dat hierdie gedig 'n romantiese aard het? Motiveer jou antwoord deur TWEE feite te gee. (2)

- 9.1.5 Stem jy saam dat hierdie aandster gepersonifiseer word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 9.1.6 Waarvan is Venus simbolies in hierdie gedig? (1)
- 9.1.7 Verduidelik die ironie in strofe 2 aangaande die afstand tussen die verliefdes. (1)
- 9.1.8 Hoe gaan die verliefde weet dat die briefie aan haar behoort? (1)
- 9.1.9 Wat sal jy doen om aan iemand te wys hoe jy oor die persoon voel? (1)
- 9.1.10 Waarom gebruik die digter die oortreffende trap van "helder" in "helderste ster"(reël 6)? (1)
- 9.1.11 Die leestekens in hierdie gedig help om die tema uit te bou.

Kies die funksie uit KOLOM B om by die leesteken in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.1.11(a)–(9.1.11(d))) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	die vraagteken (reël 4)	A	'n verduideliking volg
(b)	die afkappingsteken (reël 7)	B	vestig die aandag op die daaropvolgende gedagte
(c)	die aandagstreep (reël 9)	C	verkorte vorm
(d)	die dubbelpunt (reël 12)	D	retoriese vraag
		E	einde van 'n gedagte

(4 x 1) (4)

EN

9.2 BOEKMERK – Marlise Joubert

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BOEKMERK – MARLISE JOUBERT

1. kinders
2. met wange soos mossies
3. wat teen elke oggend stoei
4. hande altyd woerende vlerke
5. elke lyfie 'n seilende gesang –
6. vlak bo die waterspieël
7. van 'n klipvloergang

8. vlytig stort die druppels klank
9. oor haar uit totdat sy verbaas
10. die reuk van bittersoet jasmyn
11. uit haar skooljare proe
12. waar sy ook kon mor
13. en protesteer:

14. waarom is alles altyd ver
15. waarom is alles altyd hier
16. waarom moet ek leer
17. van optel aftrek deel
18. van dooie digters
19. uit die toentertyd
20. en watter land sit waar
21. en waarom draai die son

22. toe maak sy die dag weer oor –
23. met elke skoolklok werk sy
24. namens mossiekind:

25. kom ons pars die wind
26. met wange soos soldaatjies

27. totdat elkeen net die geur
28. van jasmyn kan boekmerk
29. teen die onheil van ons
30. ellelange reis

9.2.1 Maak 'n lys van die vakke wat daar in die gedig ter sprake is. Gee DRIE vakke. (3)

9.2.2 Hoe word reël 1 beklemtoon? (1)

9.2.3 (a) Waar bevind die kinders hulle volgens strofe 1? (1)

(b) Motiveer jou antwoord deur EEN woord aan te haal. (1)

- 9.2.4 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die kinders nie van skool hou nie. (1)
- 9.2.5 Haal DRIE agtereenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat wys dat die onderwyser ook nie van skool gehou het nie. (1)
- 9.2.6 Dink jy die leerders se houding teenoor skoolgaan is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)
- 9.2.7 Watter TWEE tegnieke gebruik die digter om die kinders se ongelukkigheid teenoor skoolgaan in strofe 3 aan te dui? (2)
- 9.2.8 Verduidelik waarom hierdie gedig as 'n vrye vers beskou kan word. Gee TWEE feite. (2)
- 9.2.9 In strofe 3 is daar twee woorde wat in kontras met mekaar staan. Skryf die twee woorde neer. (1)
- 9.2.10 Hierdie onderwyser wil hê die leerders moet die mooi herinneringe in hulle skooldae versamel.
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul.
Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (9.2.10 (a)–(9.2.10(c)) neer.
- Toe die leerders oor skoolgaan (a) ... het die (b) ... besluit om die lesse meer (c) ... te maak sodat die leerders hul skooldae vir altyd sal onthou. (3)

[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

